

6 Junie

**Skrifgedeelte: Psalm 104 (30)**  
**Fokusgedeelte: Psalm 104 (30)**

### **God se Gees is skeppend in die kosmos besig**

**H**ierdie skeppingslied laat ons baie aan Genesis 1 dink, aan hoe God alles op land en see en in die lug geskape het en hoe die “Gees van God oor die wêreldvloed” gesweef het. Ja, tóé al was die Heilige Gees intens betrokke by die skepping, Hy wat immers saam met die Vader en die Seun van ewigheid af God is.

Soms vergeet ons die unieke werksaamheid van die Heilige Gees in die skepping, omdat ons Hom net by die herskepping betrek. Sy werk is ook 'n voortsetting van die werk van die Vader in die kosmos.

Die Psalm sing beeldend hoe die Gees vormend op die vormlose en ongeordende oertoestand ingewerk het en 'n geordende geheel daaruit te voorskyn laat tree het. Dit is 'n lied oor die verborge krag van die Gees wat steeds sade laat ontkiem, plante laat groei, diere laat beweeg, mense laat dink en praat en die allesvernietigende werk van die sondeval in die natuur stuit – die skepping na sy bestemming lei en die gelaat van die aarde nuut maak. Niks is nog gesê van die werk van die Heilige Gees by geboortes nie, ook nie hoe Hy seisoene laat wissel nie! Die hele skepping bestaan onder sy beheer. Hy stuur ook die skepping af op die eindbestemming van Jesus se wederkoms!

*Sing: Psalm 104:17*

*Ds. PK Lourens (Bloemfontein-Oos)*